BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Woensdag 4 Desember 1974 | WINDHOEK | Wednesday 4 December 1974 | No. 3438

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 237 Maksimum Pryse van Sekere Klasse Koringbrood .................

CONTENTS

Bladsy/Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. 237 Maximum Prices of Certain Classes of Wheaten Bread ............. 1548

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 237] [4 Desember 1974

DEPARTEMENT VAN HANDEL: PRYSBEHEER.
MAKSIMUM PRYSE VAN SEKERE KLASSE KORINGBROOD.

Ek, GABRIËL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Pryskontroleur, bepaal hierby kragtens artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964) soos volg:

1. Die maksimum pryse waarteen die goedere vermeld in kolom 1 van die tabel hieronder in die gebied Suidwes-Afrika verkoop mag word -

(a) aan 'n herverkoper, is die pryse soos in kolom 2 vàn genoemde tabel aangegee;

(b) aan 'n ander persoon as 'n herverkoper, is die pryse in kolom 3 van genoemde tabel aangegee:

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 237] [4 December 1974

DEPARTMENT OF COMMERCE: PRICE CONTROL.
MAXIMUM PRICES OF CERTAIN CLASSES OF WHEATEN BREAD.

I, GABRIËL JOSEPH JOHANNES FOURIE STEYN, Price Controller, hereby prescribe under section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act No. 25 of 1964) as follows:

1. The maximum prices at which the goods specified in column 1 of the table hereunder may be sold in the territory of South West Africa -

(a) to a reseller, shall be the prices as indicated in column 2 of the said table;

(b) to any person other than a reseller, shall be the prices as indicated in column 3 of the said table:

*Tabel*

| *Kolom 1* Goedere | *Kolom 2* Sent per 900 gram | *Kolom 3* Sent per 900 gram |
|---|---|---|
| Toegedraaide of nie-toegedraaide of gesnyde en toegedraaide koringbrood van die klasse - | | |
| (i) Witbrood | 19,5 | 21 |
| (ii) Bruinbrood | 16,5 | 18 |
| (iii) Volkoringbrood | 16,5 | 18 |

Met dien verstande dat -

(i) Waar koringbrood per spoor of padvervoerdiens van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of per pos vervoer word na 'n persoon buite 'n sentrum of in 'n sentrum waarin daar nie 'n geregistreerde bakker is nie, 'n verkoper van koringbrood sodanige spoorvrag, padvervoerdienskoste of posgeld wat hy werklik betaal het, bereken tot die naaste $\frac{1}{2}$ c, by die verkoopprys van sodanige koringbrood kan voeg;

(ii) waar genoemde spoorvrag, padvervoerdienskoste of posgeld 'n breuk van 'n sent anders as $\frac{1}{2}$ c insluit, die betrokke breuk in daardie spoorvrag, padvervoerdienste of posgeld tot die volgende $\frac{1}{2}$ c of sent, na gelang van die geval, verhoog mag word;

(iii) bedoelde maksimum pryse met $\frac{1}{2}$ c per 900 gram koringbrood verhoog mag word as beide die plek van vervaardiging en die plek van aflewering van die koringbrood minstens 120 kilometers met die kortste roete per pad vanaf 'n spoorwegstasie van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens geleë is; en

(iv) wanneer koringbrood in 'n ander massa as 900 gram verkoop word, die verkoopprys op basis van genoemde maksimum pryse tot die naaste $\frac{1}{2}$ c bereken word en, as die totale prys van verskeie massas koringbrood wat op 'n bepaalde tydstip verkoop word 'n breuk van 'n sent anders as $\frac{1}{2}$ c insluit, die betrokke breuk in daardie prys tot die volgende $\frac{1}{2}$ c of sent, na gelang van die geval, verhoog mag word.

2. By die toepassing van regulasie 1, word -

(a) koringbrood wat deur of ten behoewe van 'n bakker verkoop word, geag -

(i) 'n massa van 225 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 215 gram en hoogstens 250 gram het;

*Table*

| *Column 1* Goods | *Column 2* Cent per 900 gram | *Column 3* Cent per 900 gram |
|---|---|---|
| Wrapped or unwrapped or sliced and wrapped wheaten bread of the classes - | | |
| (i) White bread | 19,5 | 21 |
| (ii) Brown bread | 16,5 | 18 |
| (iii) Whole-wheat bread | 16,5 | 18 |

Provided that -

(i) whenever wheaten bread is transported by rail or road transport service of the South African Railways and Harbours Administration or by post to any person outside any centre or in any centre in which there is no registered baker, any seller of wheaten bread may add to the selling price of such wheaten bread the costs actually incurred by him in respect of such railage, road transport service charges or postage calculated to the nearest $\frac{1}{2}$ c;

(ii) whenever the said railage, road transport service charges or postage includes a fraction of a cent other than $\frac{1}{2}$ c, the relative fraction in such railage, road transport service charges or postage may be increased to the next $\frac{1}{2}$ c or cent, as the case may be;

(iii) the said maximum prices may be increased by $\frac{1}{2}$ c per 900 g, of wheaten bread whenever both the place of manufacture and the place of delivery of the wheaten bread are situated not less than 120 kilometres, by the shortest route by road, from a railway station of the South African Railways and Harbours Administration;

(iv) whenever wheaten bread is sold in any mass other than 900 g, the selling price shall be calculated to the nearest $\frac{1}{2}$ c on the basis of the said maximum prices and, if the total price of various masses of wheaten bread sold at a particular point of time includes a fraction of a cent other than $\frac{1}{2}$ c, the relative fraction in that price may be increased to the next $\frac{1}{2}$ c or cent, as the case may be.

2. For the purposes of regulation 1 -

(a) wheaten bread sold by or on behalf of a baker -

(i) with a mass of not less than 215 gram and not more than 250 gram, shall be deemed to have a mass of 225 gram;

(ii) 'n massa van 450 gram te hê, indien dit 'n massa van minstens 430 gram en hoogstens 500 gram het;

(iii) 'n massa van 750 gram te hê, indien dit 'n massa van minstens 715 gram en hoogstens 835 gram het;

(iv) 'n massa van 900 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 860 gram en hoogstens 1 000 gram het;

(v) 'n massa van 1 350 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 1 290 gram en hoogstens 1 500 gram het; en

(vi) 'n massa van 1 800 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 1 720 gram en hoogstens 2 000 gram het; en

(b) koringbrood wat deur of ten behoewe van 'n ander persoon as 'n bakker verkoop word, geag -

(i) 'n massa van 225 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 210 gram en hoogstens 250 gram het;

(ii) 'n massa van 450 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 420 gram en hoogstens 500 gram het;

(iii) 'n massa van 750 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 700 gram en hoogstens 835 gram het;

(iv) 'n massa van 900 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 840 gram en hoogstens 1 000 gram het;

(v) 'n massa van 1 350 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 1 260 gram en hoogstens 1 500 gram het; en

(vi) 'n massa van 1 800 gram te hê indien dit 'n massa van minstens 1 680 gram en hoogstens 2 000 gram het.

3. In hierdie kennisgewing beteken -

"bruinbrood" 'n klas koringbrood voorgeskryf by Goewermentskennisgewing R.1716 van 1 Oktober 1971, soos gewysig;

"geregistreer" geregistreer by die Departement van Arbeid ingevolge die Ordonnansie op Masjinerie, Fabrieke en Bouwerke, 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) van die gebied Suidwes-Afrika;

"gesnyde en toegedraaide koringbrood" koringbrood wat gesny in waspapier of in deursigtige sellulose film met hitteverseëlbare wasbedekking of in

(ii) with a mass of not less than 430 gram and not more than 500 gram, shall be deemed to have a mass of 450 gram;

(iii) with a mass of not less than 715 gram and not more than 835 gram, shall be deemed to have a mass of 750 gram;

(iv) with a mass of not less than 860 gram and not more than 1 000 gram, shall be deemed to have a mass of 900 gram;

(v) with a mass of not less than 1 290 gram and not more than 1 500 gram, shall be deemed to have a mass of 1 350 gram; and

(vi) with a mass of not less than 1 720 gram and not more than 2 000 gram, shall be deemed to have a mass of 1 800 gram; and

(b) wheaten bread sold by or on behalf of any person other than a baker -

(i) with a mass of not less than 210 gram and not more than 250 gram, shall be deemed to have a mass of 225 gram;

(ii) with a mass of not less than 420 gram and not more than 500 gram, shall be deemed to have a mass of 450 gram;

(iii) with a mass of not less than 700 gram and not more than 835 gram, shall be deemed to have a mass of 750 gram;

(iv) with a mass of not less than 840 gram and not more than 1 000 gram, shall be deemed to have a mass of 900 gram;

(v) with a mass of not less than 1 260 gram and not more than 1 500 gram, shall be deemed to have a mass of 1 350 gram; and

(vi) with a mass of not less than 1 680 gram and not more than 2 000 gram, shall be deemed to have a mass of 1 800 gram.

3. In this notice -

"brown bread" means a class of wheaten bread prescribed by Government Notice R.1716 of 1 October, 1971, as amended;

"centre" means any area within the jurisdiction of a municipality, village management board, town board, local board or health board;

"registered" means registered with the Department of Labour under the Factories, Machinery and Building Works Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952)

plastiek toegedraai en verseël is;

"herverkoper" iemand wat koringbrood koop met die doel van herverkoop daarvan'

"koringbrood" koringbrood soos omskryf in Goewermentskennisgewing R.1716 van 1 Oktober 1971, soos gewysig;

"nie-toegedraaide koringbrood" alle koringbrood, uitgesonderd toegedraaide koringbrood of gesnyde en toegedraaide koringbrood;

"sentrum" enige gebied onder die jurisdiksie, van 'n munisipaliteit, dorpsbestuur, dorpsraad, plaaslike raad of gesondheidsraad;

"toegedraaide koringbrood" koringbrood wat in waspapier of in deursigtige sellulose film met hitteverseëlbare wasbedekking of in plastiek toegedraai en verseël is;

"volkoringbrood" 'n klas koringbrood voorgeskryf by Goewermentskennisgewing R.1716 van 1 Oktober 1971, soos gewysig;

"witbrood" 'n klas koringbrood voorgeskryf by Goewermentskennisgewing R.1716 van 1 Oktober 1971, soos gewysig.

4. Goewermentskennisgewing 269 van 19 Desember 1973 word hierby ingetrek.

G. J. J. F. STEYN,
Pryskontroleur.

---

of the territory South West Africa;

"reseller" means a person who purchases wheaten bread for the purpose of resale thereof;

"sliced and wrapped wheaten bread" means wheaten bread sliced, wrapped and sealed in waxed paper or in transparent cellulose film with heat-seal wax coating or in plastic;

"unwrapped wheaten bread" means all wheaten bread other than wrapped wheaten bread or sliced and wrapped wheaten bread; and

"wheaten bread" means wheaten bread as defined in Government Notice R.1716 of 1 October 1971, as amended;

"white bread" means a class of wheaten bread prescribed by Government Notice R.1716 of 1 October, 1971, as amended;

"whole-wheat bread" means a class of wheaten bread prescribed by Government Notice R.1716 of 1 October, 1971, as amended;

"wrapped wheaten bread" means wheaten bread wrapped and sealed in waxed paper or in transparent cellulose film with heat-seal wax coating or in plastic.

4. Government Notice 269 of 19 December 1973 is hereby withdrawn.

G. J. J. F. STEYN,
Price Controller.

---

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa